## Nabetragting van Boodskap Sondag 30 Augustus 2020

**Maandag**: 'n Bot is 'n toepassing (Toep / 'App') wat take van herhalende aard in die internet-domein uitvoer. Botte kan sleg of goed wees, maar die gemeenskaplike faktor is dat hulle geen ander drif as hulle eentonige taak het nie. Soos dit maar gaan vervloei die tegniese en sosiale faktore dikwels mettertyd inmekaar. Deesdae word mense wat hulle gisters elke dag herhaal ook al 'n bot genoem – hulle is die waterdraers en houthakkers. Wat hulle kort is gees-driftigheid want dis juis hulle innerlikheid wat iewers betronk of versmoor geraak het. Jabes se storie, soos gekry in 1 Kronieke hoofstuk 4:9ev, impliseer dat Jabes soos 'n bot gevoel het – betronk deur sy ma se smart. Ons almal ken mense wat so neig: In plaas van om hulle te oordeel, kan ons eerder deur positiewe insette hulle help om die nodige verlossing en bevryding te kry.

**Dinsdag**: Ons beleefde omgewing in enige vlak daarvan vertoon kompleksiteit. Sulke stelsels benodig ontwikkeling anders plof dit in. Jabes het in rebellie teen 'n doellose lewe uitgeskreeu na sy Skepper om sy grondgebied te vergroot – wat gelees kan word om groei te bewerkstellig. Om jou gisters in daad en gedagte in jou môres te herhaal kan vergelyk word met om water te trap of om soos 'n enjin te luier – jy kom nêrens nie, maar jy gebruik baie brandstof. Meeste van ons moet een of ander tyd deur sulke fases wroeg – soos Jabes. Die beste is om dan ook tot God uit te roep om sy seën oor jou uit te stort, sodat jy die lewe nuut in die oë kan kyk.

**Woensdag**: Jabes was deel van 'n gesin en familie en gemeenskap. Van hom word vermeld dat hy hoër geag was as sy broers – betekende dat hy iets meer reggekry het as hulle. Die enigste verskil tussen sy mede-broers en hom was dat hy God se help versoek het in seëninge, maar ook in doel deur sy grondgebied, sy uitdagings te vergroot. Alle uitdagings lyk omtrent altyd groter as wat ons kan vermag. Enige uitdaging moet aangepak word stappie vir stappie en as mens elke dag net een stappie doen vorder mens baie vinniger as jy dink – dit werk soos saamgestelde rente. Die lewe is veel eerder 'n roete as 'n eindstasie. Nie die doel doer voor jou nie, maar die taak van die oomblik is wat van jou gevra word. Die uitklaring van jou grondgebied is wel nodig, sodat jy kan sien jy vorder.

**Donderdag**: As jy boer of tuin maak, kom jy baie gou agter dat onkruid 'n kalant is wat jy nie moet onderskat nie. Die dag as jy dink dit is nou uitgroei waai die wind sade van jou buurman na jou grond toe. Onkruid is 'n alledaagse faktor wat aandag moet kry. As onkruid nie beheer word nie, vernietig dit maklik 'n groot deel van die tuinvrug of oes. Só is dit as onheil by jou begin tentpenne inslaan, óf wanhoop, óf veroordeling en sulke vernietiging-gebeure. Jabes het dit klaarblyklik diepsinnig ervaar en duidelik verstaan dis onwenbaar in sy eie krag. Daarom vra hy die Here se beskerming teen onheil sodat die smart hom nie oorval nie. Die eerste fout is om te dink sulke aanslae gaan jou nooit tref nie en die tweede as jy dink jy sal kan regop bly daarteen. Aanvaar Jabes se voorbeeld en vra dit daagliks van die Here dat Hy jou moet bewaar van sulke lewens-onkruide.

**Vrydag**: Elke kind van God behoort te wees soos 'n stukkie Eden in die woestyn, soos 'n koelteboom langs die pad om by te stop vir 'n broodjie, soos 'n skouer waarteen gehuil kan word, soos 'n hand wat gevat kan word as alles donker is en die roete onbekend. Dit is hoe God vir Jabes was en vir ons moet wees sodat ons dit weer vir ander kan wees. En die naam van hierdie skepping-speletjie is Liefde. Jabes was geag as meer suksesvol en sou daarom meer waarde aan die skepping toegevoeg het. Hy sou waarskynlik ook baie beteken het vir sy gesin en gemeenskap. Daarom dat sy besonderse verhaal so tussenin die geslagsregisters uitdop soos 'n klipheuwel in die woestyn wat vir ons uitstaan soos 'n baken op ons lewensroete.